

Astra Castra

Dot Serfontein

1.1. Kies die prentjie wat Eben sien toe hy afkyk in Ettie se oë aan die begin van die storie. Skryf net die nommer en die letter neer. (1)



1.2. Sê of die volgende stelling Waar of Onwaar is. Gee 'n rede vir jou antwoord.

Ettie is al 'n volwassene.

1.3. Wat se kleur is Eben Bester se oë? (1)

1.4. Net een van die volgende antwoord is korrek. Kies die korrekte antwoord en skryf die nommer en die letter neer. (1)


“Sy koue blou oë vat haar verwarde denke vas: kom nou!” beteken met ander woorde...

- a. Eben kyk aandagtig na Ettie en sê vir haar sy moet haar bes doen.
- b. Eben kyk weg en hoop Ettie gaan die resies wen.
- c. Eben berispe Ettie se onsekerheid met sy oë.
- d. Eben vat Ettie se arm en kyk in haar koue blou oë.

1.5. Pas Kolom A by Kolom B m.b.t. wat die hoof vir Ettie sou gesê het. (3)

Kolom A		Kolom B	
1.5.1.	Ettie moet dit nie by die begin doen nie.	a	Kroon.
1.5.2.	Ettie moet streef om dit te kry.	b	Asem haal.
1.5.3.	Ettie moet dit doen om te ontspan.	c	Rondvrotel.

- 1.6. Wat doen Ettie toe Eben die hoof na-aap? (1)
- 1.7. Wat se uitwerking het dit op haar? Sê dit in jou eie woorde. (1)
- 1.8. Hoeveel atlete IN TOTAAL hardloop in die wedloop / resies? (1)
- 1.9. Wat is dit wat Ettie doen wat nie Eben se goedkeuring wegdra nie. (1)
- 1.10. Wie is die Suid-Afrikaanse senior kampioen wat saam met Ettie hardloop? (1)
- 1.11. Wat doen die toeskouers nadat die afsitter die pistol gelig het en vir die atlete gesê het om gereed te maak om weg te spring? (1)
- 1.12. Hoeveel tyd verloop van die instruksie “gereed” tot en met die skoot wat knal? (1)
- 1.13. Waarmee word die lyne van die bane vergelyk? (1)
- 1.14. DRIE van die volgende antwoord is korrek. Kies die inkorrekte antwoord en skryf die nommer en die letter neer. (1)
- “hul hele gewig met elke greintjie wilskrag in hul vingers vorentoe gegooi is” beteken die atlete ...
- a. hardloop sterk.
 - b. gee hulle beste.
 - c. haal alles uit.
 - d. probeer halfhartig.
- 1.15. Kies die prentjie wat die toeskouers beskryf toe die resies begin. Skryf net die nommer en die letter neer. (1)



- 1.16. Wat sien Ettie met verbystering toe sy met haar tweede tree regop kom? Sê dit in jou EIE woorde. (1)
- 1.17. Was die nuwe wegspringtegniek wat Eben Bester met Ettie geoefen het suksesvol. Motiveer. (2)
- 1.18. Hoe word die toejuiging van die toeskouers beskryf? (2)
- 1.19. Sê of die volgende stelling Waar of Onwaar is. Gee 'n rede vir jou antwoord.

Die gaping tussen Ettie en die twee kampioene word groter en groter.

- 1.20. DRIE van die volgende antwoord is korrek. Kies die antwoord wat nie korrek is nie skryf die nommer en die letter neer. (1)

Die drie faktore wat Ettie se wedloop OP DIE STADIUM beïnvloed is...

- a. Dolf Marais.
- b. Eben Bester.
- c. Hanna Dewalt.
- d. Die wenpaal.

- 1.21. Wie is oom Spekkies? (1)

- 1.22. Hoe weet Ettie dat sy die wedloop gewen het. Gee DRIE feite. (3)

- 1.23. Wie se gelukwensing tref Ettie die meeste? (1)

- 1.24. Net een van die volgende antwoord is korrek. Kies die antwoord wat korrek is en skryf die nommer en die letter neer. (1)

Ettie se houding na sy die wedloop gewen het kan beskryf word as...

- a. nederig.
- b. hartseer.
- c. simpatiek.
- d. arrogant.

- 1.25. In watter dorp is Ettie se skool? (1)

- 1.26. Wie, behalwe Ettie, was daardie oggend op die bus? (4)

- 1.27. Hoekom moet Ettie onmiddelik na die resies haar sweetpak aantrek?
Sê dit in jou eie woorde. (1)
- 1.28. Hoekom wil Ettie nie in die aantrekkamer gaan verkleë nie? (1)
- 1.29. Hoekom sê Eben het sy niks om oor bekommerd te wees of skuldig te voel nie? (2)
- 1.30. DRIE van die volgende antwoord is korrek. Kies die antwoord wat nie korrek is nie skryf die nommer en die letter neer. (1)

Eben is ontsteld toe Ettie sê sy voel aardig omdat sy gewen het want...

- a. die wedloop is die resultaat van Ettie se harde werk.
 - b. hy werk maande lank al aan Ettie om haar kragte te fokus.
 - c. hy het Ettie moed ingepraat toe sy wou opgee.
 - d. hy moes Ettie dissiplineer om 'n ernstige atleet te word.
- 1.31. Wat is so besonders aan Ettie se tyd met die wedloop? (2)
- 1.32. Waar hardloop Ettie die volgende maand? (1)
- 1.33. Kies die korrekte provinsie waar die plek is waar Ettie die volgende maand hardloop op die kaart en skryf die naam van die provinsie neer. (2)



1.34. Net een van die volgende antwoord is korrek. Kies die antwoord wat korrek is en skryf die nommer en die letter neer. (1)

Eben sê Ettie sal van haarself lees in 'n...

- a. Tydskrif.
- b. Pamflet.
- c. Koerant.
- d. Strooibiljet.

1.35. Wat sal die hoofopskrif in die dagblad sê? Haal Eben se DIREKTE woorde aan. (1)

1.36. Wie sal ook van Ettie lees? (1)

1.37. Hoe sal Hanna Dewalt haarself voorberei vir die wedloop die volgende maand. Noem TWEE feite. (2)

1.38. Hoekom skrik Eben toe Ettie uitroep: "My voet, my voet, my voet." (3)

1.39. Watter een van die volgende betekenis van "blaar" pas by die een wat Ettie op haar voet het? Skryf net die nommer en die letter neer.(1)

A	Een van die breë, plat gewoonlik groen onderdele van 'n plant.
B	Blaasagtige opswelling op 'n mens se liggaam, wat met vog gevul is.

1.40. Hoekom wag die toeskouers wat saam met hulle gekom alreeds by die hek en is gereed om te vertrek, al is die atletiekprogram nog nie klaar nie?(1)

1.41. Wat doen die vrouens om Ettie geluk te wens? (!)

1.42. Wat beteken "astra castra, numen lumen? (1)

1.43. In watter Provinsie is Estville? (1)

1.44. Wie se INDIREKTE woorde is die volgende? Skryf net die nommer en die persoon neer. (3)

1.44.1. Die hele land is trots op Ettie.


1.44.2. Ettie moet haar skoene aantrek.

1.44.3. Die afsitter het verneuk.

- 1.45. Hoekom sê Eben Bester voor almal hoe hard Ettie werk en hoe streng hy is? (2)
- 1.46. Wat se vak gee Eben Bester by die skool? (1)
- 1.47. Ettie sê dat Eben Bester 'n genadelose en gevoellose onderwyser is. Is dit 'n opinie of 'n feit. Gee 'n rede vir jou antwoord. (2)
- 1.48. Wie sit agter Ettie in die Wiskundeklas? (1)
- 1.49. Albei Ettie en Dolf Marais moet presteer. Wat is die verskil t.o.v. die gebiede waarin hulle moet presteer? (2)
- 1.50. Sê of die volgende stelling waar of onwaar is. Gee 'n rede vir jou antwoord. (2)

Dolf skryf die trigprobleem by Ettie af.


- 1.51. Hoekom raak Dolf aspris aan Ettie se wang? (1)
- 1.52. Drie van die volgende dinge, wat Eben Bester doen toe hy in die klas kom, is korrek. Skryf net die nommer en die letter van die verkeerde een neer.
- a. Hy kyk nie na enige iemand nie.
 - b. Hy is ingedagte.
 - c. Hy staan by die venster en kyk na die klas.
 - d. Hy breek die bordkryt in sy hand in stukkies.
- 1.53. Was Eben Bester net 'n gewone atleet in sy universiteitsdae wat nie regtig presteer het nie en wat geen toekoms in atletiek gehad het nie? Motiveer en bespreek met stellings uit die verhaal. (2)
- 1.54. Wat het Eben Bester se atletiekloopbaan beindig? (1)
- 1.55. Vul die blokkiesraaisel in n.a.v. Eben Bester se persoonlikheid. Skryf net die nommer en die word.



Leidrade
DWARS:
 1. On + nie naby nie + rym met vraag + nie apart nie
 2. Antoniem van komplimenterend.

AF:
 3. Be + ander woord vir satan + d.
 4. 'n Antoniem vir sleg.

1.56. Kies die prentjie wat pas by die geleentheid wat Eben Betsler se lewe verander het.



1.57. Verduidelik die idioom in die uittreksel uit die storie: "En almal hoop dat sy gal in die toekoms by die huis gebrak gaan word. (1)

1.58. Hoekom staan Eben Bester soos 'n dikgevrete mannetjieskat toe net Ettie en Dolf Marais hulle hande opsteek om te sê hulle het die som reggekry? (1)

1.59. Ettie en Dolf Marais is albei Meneer Eben Bester se witbroodjies, maar vir verskillende redes. Verduidelik. (2)

1.60. Wat is Eben Bester se bynaam? (1)

1.61. Wat is vir Eben Bester 'n definitiewe bewys dat Ettie en Dolf Marais by mekaar afgeskryf het. (2)

1.62. Wie aanvaar die skuld van die afskrywery? (1)

1.63. Hoekom is dit belaglik om te dink dat Dolf by Ettie sou afskryf? (1)

1.64. Weet Ettie Meneer Eben Bester weet dit is sy wat afgeskryf het? Motiveer. (2)

1.65. Wat is die res van die klas se reaksie op die hele situasie? (2)

1.66. Wat doen Ettie toe hulle albei uit die klas is? (2)

1.67. Hoekom dink jy voel Ettie naar, siek en mislik? (2)

1.68. Is dit die eerste keer dat 'n kind in Meneer Eben Bester klas iets afskryf? (1)

1.69. Hoekom het Eben Bester 'n probleem daarmee omdat dit Ettie was wat afgeskryf het? (2)

1.70. Hoe probeer Eben Bester se verloofde vir Ettie in die bresse tree? "(2)

1.71. Hoekom wil Eben Bester alles van Ettie weet, selfs baie persoonlik goed? (2)

1.72. Drie van die volgende stellings is waar. Skryf net die nommer en die letter van die stelling wat onwaar is. "(2)

- a. Eben wonder of Ettie op die baan sal wees om te oefen.
- b. Eben gaan met Ettie raas omdat sy by Dolf afgeskryf het omdat sy dit verdien.
- c. Eben is is nie verbaas dat Ettie hom om die bos probeer lei het nie.
- d. Hy gaan haar nie afrig nie tot sy vir hom sê sy is jammer.

1.73. Vul die ontbrekende woorde in. SKryf net die nommer en die word neer.

Hy sien haar 1.73.1. _____ waar sy besig is om om die baan te draf. En teen 1.73.2. _____ en 1.73.3. _____ raak hy soos altyd 1.73.4. _____ in die 1.73.5. _____ van haar gang. Die 1.73.6. _____ krag waarmee haar 1.73.7. _____ trek sodat dit lyk of haar 1.73.8. _____ nie grond raak nie, die ligte, inspanninglose 1.73.9. _____ van die skouers, die 1.73.10. _____, voortstuwende ritme bring hom in vervoering.

1.74. Waar het Eben Ettie die eerste keer opgemerk en haar toe ingepalm vir atletiek en begin afrig? (1)

1.75. Wat is verkeerd met die volgende stelling wat Eben Bester maak?:
"Alles lê nog glinsterend en heerlik in die toekoms vir hulle."

1.76. Wat se troetelnaam het Eben vir Ettie? (1)

1.77. Drie van die volgende stellings is waar. Skryf net die nommer en die letter van die stelling wat onwaar is. "(2)

Toe Eben vir Ettie sê hy wil na die waterblaar op haar voet kyk...

- a. is hy nog steeds kwaad vir Ettie en hy trap haar uit omdat sy by Dolf afgeskryf het.
- b. het hy haar alreeds vergewe omdat hy weereens beïndruk was deur haar fantasiese tegniek.
- c. raak hy aan haar om na haar voet te kyk en deur dit te doen sê hy eintlik vir haar hy het haar vergewe.
- d. hou hy glad nie by sy woord om haar nie meer te oefen nie tensy sy om verskoning vra nie en praat hy toe oor heeltemal oor iets anders.

1.78. Hoekom moet Ettie tot die einde van die kwartaal by die skoolhoof bly m.b.t. haar...

1.78.1. Oefenprogram?(1)

1.78.2. dieet? (2)

1.79. Hoekom is dit vir Ettie toe nie so erg om by die skoolhoof te bly nie? (2)

1.80. Wat vind Ettie nogal aardig m.b.t. haar studies in die aand? (2)

1.81. Hoe laat in die oggend begin Ettie oefen? (1)

1.82. Som die volgende aanhaling uit die storie op in EEN sin:

“Maar sy leer baie meer as net van atletiek. Sy sien sy verterende idealisme en die toewyding waarmee hy haar afrigting doen, die noukeurigheid van besonderhede. Sy merk ook op dat hy geen vriende het nie. Hoewel hy die verloofde van 'n gewilde meisie is, kom hy met 'n ongelukkige gesig soggens op die veld aan. Eers daar raak hy kalm.”

1.83. Wat se uitwerking het die atletiek en die strawwe oefenprogram op Ettie se vriendskappe? (1)

1.84. Hoekom wil Dolf Marais nie vir Ettie vra om saam met hom na die koshuispartytjie toe gaan nie? (1)







1.85. Is die volgende stelling wat Ettie maak korrek? Motiveer. (3)

“Maar Dolf hou net nie meer van my nie.”

1.86. Kies die media waar Dolf Marais 'n foto van Ettie gekry het.



1.87. Ettie het nie die briefie waarin Dolf Marais haar uitvra direk van hom gekry nie. Kies die korrekte illustrasie wat aandui hoe sy die briefie gekry het. (1)

					
Dolf	Seunsvriend	Seunsvriend	Meisievriend	Meisievriend	Ettie
A	→ → → → →				
B	→			→	→
C	→	→			
D	→		→		→

1.88. Kyk na die kalender hieronder. As die datum waarop die skool sluit die 24^{ste} September is, wat sal die datum wees van die...

1.88.1. koshuispartyjie?

1.88.2. atletiekbyeenkoms in Port Elizabeth?

SEPTEMBER						
Sondag	Maandag	Dinsdag	Woensdag	Donderdag	Vrydag	Saterdag
			1	2	3	4
5	6	7	8	9	10	11
12	13	14	15	16	17	18
19	20	21	22	23	24	25
26	27	28	29	30		

1.89. Is die volgende stelling WAAR of ONWAAR ? Gee 'n rede vir jou antwoord. (2)

Die ander kinders dink Dolf en Ettie is in 'n verhouding.

- 1.90. Hoekom kan Dolf en Ettie nie op hierdie stadium eers daaraan dink om uit te gaan nie? (1)
- 1.91. Wat se slegte nuus kry Ettie drie dae voor die skool sluit van Eben? Sê dit in jou eie woorde. (2)
- 1.92. Hoekom is Eben ontsteld omdat Ettie na die koshuispartytjie toe wil gaan? (1)
- 1.93. Wat se ultimatum stel Eben aan Ettie Stofberg? (2)
- 1.94. Waaroor is Ettie skaam toe sy na die film van haar naelloop kyk? (2)
- 1.95. Lees die onderstaande aanhaling uit die kortverhaal en beantwoord die vraag daarna:

Hy wys na haar voet, tik sy vinger op haar lang dyspier, streef langs haar rug af met die agterkant van sy middelvinger, raak met onverbloemde teerheid die skouerknop aan van die skadumeisie wat hom nog nooit teleurgestel het nie.

- Raak Eben fisies aan Ettie terwyl hulle na die film kyk? Verduidelik. (2)
- 1.96. Bespreek kortliks die “twee” meisies wat Ettie haarself as beskryf terwyl hulle na die film kyk en haar wedloop analiseer. (4)
- 1.97. Wie kom sê vir Ettie Stofberg Dolf is daar om haar te sien? (1)
- 1.98. Hoekom sê Dolf, aanvanklik, het hy nie na die koshuispartytjie toe gegaan nie? (1)
- 1.99. Wat se leuen vertel Dolf oor die rede vir sy besoek omdat tannie Spekkies ingekom het? (1)
- 1.100. Wat erken Dolf later, toe tannie Spekkies uitloop, is die eintlike rede hoekom hy nie na die koshuisdans toe gegaan het nie? (1)
- 1.101. Hoe laat sê Ettie Stofberg vir Dolf is haar wedloop, toe hy vra? (1)
- 1.102. Hoekom wou Dolf weet hoe laat Ettie hardloop? Verduidelik breëdoerig. (4)
- 1.103. Hoekom wil Dolf dit doen? (1)

- 1.104. Ettie Stofberg sê sy sal ook elke dertig sekondes aan Dolf dink, maar haar totaal sal nie drie-en-'n-half minute wees totdat sy om elfuur hardloop nie. Hoekom nie? (3)
- 1.105. Wat staan in die kaartjie geskryf wat Dolf in Ettie se algebraboek vir haar gelos het? Haal Dolf se direkte woord aan. (1)
- 1.106. Hoe wys dit duidelik in Eben Bester se gesig dat hy gespanne is voor Ettie se wedloop? (3)
- 1.107. Hoekom se Eben Bester nie vir Ettie die gewone "astra castra, numen lumen" voor haar wedloop nie? (1)
- 1.108. Haal die direkte woorde aan wat Eben Bester eerder vir Ettie Stofberg sê. (1)
- 1.109. Haal TWEE sinne aan wat wys dat Ettie Stofberg eindelijk dan sielkundig ryp vir groot atletiek is. (2)
- 1.110. Hoe het Hanna Dewalt haarself vir die wedloop voorberei? Noem drie dinge wat sy gesoen het. (3)
- 1.111. Hoe laat, presies, eindig die wedloop waarin Hanna Dewalt en Ettie Stofberg deelneem?
- 1.112. Met hoeveel tyd wen Hanna Dewalt Ettie Stofberg in die honderd meter? (1)
- 1.113. Wat omtrent Eben Bester se fisiese voorkoms verbaas Ettie Stofberg na die wedloop? (4)
- 1.114. Wat is die eerste ding wat Ettie Stofberg vir Eben Bester sê in reaksie op sy uitdrukking? Haal haar direkte woorde aan. (1)
- 1.115. Hoekom begryp Ettie Stofberg met ontsetting dat hy die woorde ernstig bedoel toe Eben Bester sê: "Toe maar Jy sal weer wen. Astra castra, numen lumen."
- 1.116. Wat is die tema van die kortverhaal? (1)
- 1.117. Wat se tipe verteller is aan die woord in die kortverhaal? (1)
- 1.118. Bespreek die konflik in die verhaal. (8)